Publication: Beeld
Title: Hul kiy nuwe Ekstra Myl-pryse
AVE: 31457.16
Page: 3
Publish Date: 11 October 2023
Author: Netwerk24

Húl kry nuwe Ekstra Myl-pryse

Die nuwe Ekstra Myl-pryse is vanjaar op die Momentum Beleggings Aardklop-fees aan Fränzo Friedrich, bemarkingshoof van Momentum Beleggings, en Jean-Marc Stidworthy, direkteur van bemarking en studentewerwing van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus, vir hul groot bydrae tot die fees oorhandig.

"Aan elke kunstenaar, akteur, aktrise, regisseur, ontwerper, teksskrywer, musikant, vervaardiger, tegnikus, voorportaler en borg – júlle maak Aardklop moontlik en dis júlle wat ons bestaansreg gee," het Alexa Strachan, uitvoerende hoof van die fees, gesê.

"Dankie vir die harde werk, maar veral die passie. Dis waaruit ons by die kantoor inspirasie put en ons maak vasbyt."

Friedrich sê Momentum Beleggings is trots daarop om betrokke te wees by Aardklop, " 'n ware nasionale kultuurbate".

"Vanjaar se fees is 'n groot sukses, met vol teaters en 'n feesterrein wat kook. Wat 'n voorreg om 'n bydrae te kan lewer tot die kunste."

By die ontvangs van die prys het Stidworthy gesê die Aardklop-span doen ongelooflike werk en hy meen hulle kry nie genoeg erkenning daarvoor nie.

Die beoordelaarspaneel, met Heidi Edeling as sameroeper, het bestaan uit Diane de Beer, Johan Myburg, David Brink, Mortimer Williams en Rineke Viljoen. Edeling sê namens die paneel: "Almal betrokke by Aardklop 2023 het gedemonstreer dat wanneer ons ons krag terugneem, wonderlike produksies ervaar kan word."

– Netwerk24

Sandra Prinsloo en Dawid Minnaar in *Die moeder*.
Foto: JEREMEO LE CORDEUR

Vanjaar se Aardklop-wenners

Beste visuelekuns-uitstalling
Tafadzwa Tega met *A Seed Will Take Its Time to Grow*
Beste musiekuitvoering
Elzabé Zietsman in *Femme is fatale*
Beste byspeler
Eben Genis in *Mirakel*
Aardklop Hartsvriende: Beste produksie
Die moeder
Beste akteur
Dawid Minnaar in *Mirakel*
Beste aktrise
Sandra Prinsloo in *Die moeder*
Beste nuutgeskrewe Afrikaanse teks
Goed wat wag om te gebeur
Beste musiekgedrewe produksie
Femme is fatale
Beste aanbieding: Toneel
Die moeder
Beste regisseur
Marthinus Basson
Beste algehele aanbieding
Femme is fatale

The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.